



Teken in en ontvang elke week 'n gratis **Lekkerbekkie Nuusbrief**: [lekkerbekkie@annaemm.co.za](mailto:lekkerbekkie@annaemm.co.za)

## Jan se tandjie deur Anna Emm

Jan is baie opgewonde. Sy tandjie het uitgeval en nou gaan hy dit in sy skoen sit vir die tandemuis! Die tandemuis gaan vir hom 'n geldjie bring vir die tandjie, en dan gaan hy genoeg geld hê om vir hom die mooiste resieskar te koop wat daar is!

Jan kyk en kyk in die spieël vir die gaatjie in sy mond waar die tandjie was. Hy het die tandjie op die wasbak se rant neergesit, maar nou kyk Jan nie wat hy doen nie. Daar stamp hy per ongeluk die tandjie van die wasbak af en dit val op die vloer! *TINK*, maak die tandjie op die vloer, en rol weg.

Jan skrik groot en buk om die tandjie op te tel... maar nou sien hy dit nêrens! Hy loer agter die wasgoedmandjie in om te sien of dit nie daar ingerol het nie. Dis nie daar nie. Hy buk en kyk onder die bad in. Die tandjie is ook nie daar nie!

"Wat is fout?" vra Jan se mamma by die deur.

"Ek soek na my tandjie!" sê Jan benoud. "Dit het geval en nou kry ek dit nêrens!"

"Toemaar," sê Jan se mamma en vryf sy hare. "Kom ons gaan eet eers, en dan vra ek môre vir Alina om mooi te kyk wanneer sy die badkamer skoon maak. Ek is seker sy sal dit kry."

Jan is baie hartseer en teleurgesteld. Nou het hy nie 'n tandjie om vir die tandemuis in die skoen te sit nie, en nou sal hy nie môre vir hom 'n resieskar kan gaan koop nie. Hy sluk stadig aan sy kos. Hy is nie eens meer honger nie. Waar kan die tandjie dan wees?

Die volgende oggend toe Alina, die bediende, die badkamer skoon maak, soek sy ook oral na die tandjie. Sy kry dit nie. Dis net weg.

"Dit moes iewers in 'n skeurtjie ingerol het," sug Jan se mamma. "Toemaar, ons sal aanhou soek."

Daardie aand toe Jan in sy bedjie klim, en net toe hy die lig wil afskakel, sien hy 'n vinnige beweging in die hoek van sy kamer. Dis 'n muis! Hy spring regop op die bed en wil nog na sy mamma roep, maar die muis is weg. Hy het seker by die oop venster uitgeglimp. Nou sien Jan iets op die vloer lê. Dis 'n piepklein sakkie. Hy staan op, en gaan tel die sakkie op. Binne in die sakkie is 'n briefie, en vyftig rand! Vinnig lees Jan die briefie: "Liewe Jan. Ek het jou tandjie gekry in 'n gaatjie onder die badkamer se vloer. Baie dankie. Hier is vir jou 'n geldjie. Van die tandemuis."

Jan se ogies rek groot! Hy lees die briefie weer, en dan roep hy sy mamma. Hy is nou sommer baie, baie opgewonde! Nou kan hy die resieskar gaan koop.

"Toemaar, Mamma!" lag Jan, want sy mamma kyk skrikkerig rond. "Die muis is nie meer hier nie."

**Vir meer van Anna Emm se kinderstories besoek [www.AnnaEmm.co.za](http://www.AnnaEmm.co.za)**

Gratis inkleurprentjie

# Jan se tandjie

illustrasie deur Elanie Bieldt



Vir meer van Anna Emm se kinderstories besoek [www.AnnaEmm.co.za](http://www.AnnaEmm.co.za)

Nuus uit die kantoor:

## Kom ontmoet vir Gys de Villiers op 25 Januarie!

Na die groot sukses van sy eerste storie-CD in 2012, het ons vir Gys de Villiers ooreed om vir ons nog 'n paar kinderstories te kom opneem. "Die vreeslike vervelige lewe van Griet Muskiet" word op 25 Januarie vrygestel, en ons Kaapse kliënte kry die geleentheid om vir Gys self te kom ontmoet! Bespreek jou CD vooruit, en as jy dit die oggend met die vrystelling kom afhaal sal Gys jou CD onderteken, en kan jy 'n foto saam met hom laat neem. Toegang is gratis, maar ons het slegs 'n beperkte hoeveelheid CDs vir die oggend, so dis belangrik dat jy vooruit bestel.

Kontak [natasha@annaemm.co.za](mailto:natasha@annaemm.co.za) of 021 930 0908 vir enige navrae.

# Kom ontmoet vir Gys de Villiers!

Gys de Villiers het sopas 'n tweede CD met Afrikaanse Kinderstories opgeneem, en die CD word vrygestel op Sat 25 Jan van 09h00-11h00 by Anna Emm se kantore in Platteklouf!

**Beperkte plek!**  
**Bespreekings @ R80 per CD (gewone prys R90)**  
Dit sluit 'n getekende CD in, 'n foto saam met Gys, koffie/tee, en 'n pakkie chips vir die kinders!



Anna Emm Produksies @ Bloomberg House  
h/v Silberboom en Blouelie, Platteklouf  
Bespreek by:  
021 930 0908 | [natasha@annaemm.co.za](mailto:natasha@annaemm.co.za)